# JAARVERSLAG VAN DIE PRESIDENT/ ANNUAL REPORT OF THE PRESIDENT

**CHRISTO KANNENBERG**

*Algemene Jaarvergadering, Oktober 1989*

## 1. INLEIDING

Aangesien die president se termyn oor 'n periode van twee jaar strek, beskou ek hierdie dokument as 'n tussentydse verslag. My oorheersende indruk van die afgelope jaar is hoe vinnig dit verby gevlieg het. Die Raad vergader slegs by drie geleenthede deur die jaar en hierdie verslag word geskryf nadat slegs twee Raadsvergaderings gehou is, m.a.w. die Raad het slegs twee geleenthede gehad om besluite te neem.

Finansiële beperkings sluit ongelukkig meer Raadsvergaderings in een jaar uit. Ek dink ons sal dus ernstig daaroor moet besin of die volle Raad nie vir 'n twee-jaar-termyn verkies behoort te word nie. Sodoende sal die verskillende komitees van die Raad meer tyd hê om projekte aan te pak en te voltooi. Ons is tans met reëlwysigings besig en hierdie saak sal in die proses ook aandag geniet.

## 2. DOELWITTE VIR MY TERMYN

Die Raad het aan die begin van my termyn drie doelwitte aanvaar en ons sal poog om hierdie doelwitte gedurende my ampstermyn te bereik.

Die doelwitte is die volgende:

* Bekenstelling van die beroep
* Her-evaluering van ons struktuur
* Wysiging van ons reëls

### 2.1 Bekenstelling van die beroep

Ons beroep speel 'n baie belangrike rol in die vorming van die Suid-Afrika van die toekoms. Daarom kan dit slegs die aansien van ons professie verhoog indien 'n groter bewuswording van ons rol en funksie by die gemeenskap en by die ander professies tuisgebring kan word. So 'n bewuswording sal dadelik ook groter betekenis aan gemeenskapsbetrokkenheid in die beplanningsproses gee aangesien die publiek dan beter ingelig sal wees.

Die Raad het 'n firma van skakelkonsultante aangestel om ons hiermee behulpsaam te wees. Die skakelkonsultante het reeds besoeke aan die takke in die Wes-Kaap, OVS en Transvaal gebring en 'n reeks persverklarings is vrygestel. Die algemene tema was "verstedeliking" en verskeie artikels het reeds in die professionele en gewone pers verskyn. Goeie terugvoering is uit verskeie oorde ontvang.

Die Statutêre Raad het gedurende die afgelope jaar ook besluit om die advertering van professionele dienste toe te laat. Ons vertrou dat die Instituut se "beeldbou-aksie" as agtergrond vir die bemarkingsaksies in individuele firmas kon dien en dat ons beroep in die proses groter aansien verwerf het. So 'n aksie kan egter net suksesvol wees indien ons voortdurend die "status, waardigheid en goeie naam" van ons professie voorop stel.

### 2.2 Herevaluering van ons struktuur

Dit is vir enige organisasie nodig om van tyd tot tyd weer krities na sy missie te kyk en seker te maak dat die organisasie nog op die regte pad is.

Tim Middleton en Japie Hugo was behulpsaam met 'n ondersoek in hierdie verband en 'n verslag het in Junie 1989 vóór die Raad gedien. Aspekte soos die rol en funksie van die Raad, Uitvoerende Komitee en die verskillende Takkomitees is behandel. Oor die algemeen sal daar nou gestreef word na 'n verskuiwing in ons besteding sodat 60% van ons begroting op projekte gespandeer kan word en slegs 40% op die normale onderhoud en administrasie van die Raad.

Die Raad ondersoek tans ook die moontlikheid om meer takke te vestig. Dit het ook finansiële implikasies en 'n verslag in hierdie verband sal binnekort aan alle takke vir kommentaar voorgelê word. Die gevoel is dat ons lede meer aktief by die aktiwiteite van die Instituut betrokke sal raak indien die verskillende taksetels meer bereikbaar is.

### 2.3 Wysiging van ons reëls

Met die totstandkoming van die Statutêre Raad het die rol van die Instituut ietwat verander. Daarmee saam het die Raad reeds gedurende die termyn van Paul Waanders 'n etiese kode vir die Instituut aanvaar. Hierdie kwessies en 'n moontlike nuwe organisasie het tot gevolg dat ons reëls weer krities geëvalueer sal moet word.

Daar kon egter nog nie veel vordering met enige reëlwysigings gemaak word voordat daar nie eers groter duidelikheid oor 'n nuwe struktuur verkry is nie. Hierdie saak sal gedurende die volgende jaar meer aandag geniet.

## 3. BEGROTING

Die Raad het hom ten doel gestel om 'n groter persentasie van ons jaarlikse begroting aan skeppende aktiwiteite en projekte te bestee. "Spesiale projekte" wat hierdie jaar addisionele fondse benodig het is die aanstelling van skakelkonsultante, 'n raadgewer oor strategiese beplanning, die Merietetoekenning, Die Nola Green-lesing en die ontwerp en vervaardiging van nuwe dasse vir die Instituut. Die nuwe dasse sal vroeg in die nuwe jaar beskikbaar gestel word.

Ongelukkig het ons ledegeld oor die afgelope aantal jare nie altyd met inflasie tred gehou nie en sal dit weer nodig wees om binnekort ons lede in hierdie verband te nader.

## 4. AS + TS

This year the Institute again had to budget an amount of R4 500 for its

membership of AS + TS. Council could not identify any direct benefits resulting from this membership and decided to give the required 15 months notice of its intention to terminate its membership. It is hoped that the R4 500 could in future be used for projects having more direct identifiable advantages for the profession.

## 5. MERIT AWARD

The purpose of the merit award is not only to acknowledge exceptional contributions which have been made by members of our profession, but also to promote the art and science of town and regional planning and to generate constructive publicity for the profession.

The nomination of only three projects this year has therefore been a disappointment. I would therefore like to appeal to our members to submit planning projects considered worthy for this award so that it remains the prestigious event that it should be.

The City of Cape Town's nomination "A pedestrian network for Central Cape Town" has won our biennial merit award for 1989. My congratulations to the City's planners for the quality of the professional work presented, and to the Council for implementing the proposals.

## 6. VERSTEDELIKING EN DIE KOÖRDINERING VAN METROPOLITAANSE BEPLANNING

Ons land gaan tans deur 'n proses van snelle verstedeliking en die Raad is bekommerd oor die oënskynlike gebrek aan koördinering van beplanning op veral die metropolitaanse vlak. Dit is nie net nodig om die verskillende grondgebruike, dienste, stedelike vervoer en omgewingsbewaring behoorlik te koördineer nie, maar die beplanningsaksies van die Administrasies vir die verskillende bevolkingsgroepe behoort ook beter saamgesnoer te word.

'n Memorandum in hierdie verband is aan die Staatspresident en die Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning voorgelê. Ons verstaan dat die saak op hoë vlak aandag geniet.

## 7. DIE TYDSKRIF

Die Raad het groot waardering vir die onbaatsugtige werk wat Prof. Tod Welch en sy departement doen om ons amptelike tydskrif in stand te hou. Hierdie publikasie behoort as forum te dien waar navorsing bekend gestel word, waar praktisyns sekere aspekte van hul werk bespreek en waar debatte oor algemene beplanningskwessies gevoer word.

Ongelukkig kry die tydskrif nie die nodige ondersteuning van ons lede nie en kan dit daarom nie altyd sy rol, naamlik om kennis te versprei, volledig vervul nie. Daar word tans ondersoek ingestel na die moontlikheid om die tydskrif vir 'n periode gratis aan alle plaaslike owerhede te lewer. Dit sal groter blootstelling aan ons beroep verleen en hopelik ook help om meer artikels van ons lede te werf. Die Tydskrif sal egter slegs 'n waardige vlagdraer van ons beroep kan wees indien ons 'n groter poging aanwend om te publiseer.

## 8. SLOT

Ons ledetal regverdig nie 'n direktoraat wat projekte namens ons kan aanpak nie. Baie werk word dus op 'n deeltydse basis uitgevoer en indien ons iets bereik, is dit slegs omdat ons toegewyde lede het wat bereid is om opofferings te maak. My dank daarom aan alle Raads-, Komitee- en Subkomiteelede wat oor die afgelope jaar hul tyd so vrylik aan die Instituut beskikbaar gestel het. Daarsonder sou ons geen vordering gemaak het nie.